

Menseregtedag 2024: Beveiliging van die regte van SA vroue

Anisa Mahmoudi*

In Suid-Afrika dien Menseregtedag op 21 Maart as 'n jaarlikse herinnering aan waar ons voor 1994 was en die vordering wat ons tot dusver gemaak het. 2024 is die 29ste jaar wat Suid-Afrikaners Menseregtedag vier en ons doen dit ter nagedagtenis aan die [Sharpeville-menseslagting](#), wat op 21 Maart 1960 plaasgevind het en die terrein was waar pres. Nelson Mandela op 10 Desember 1996 die [Grondwet](#) van Suid-Afrika onderteken het. Dit is belangrik dat dit ons herinner aan die feit dat almal se menseregte 'n [onvervreembare](#) komponent van menswees is.

Die beskerming van menseregte is in die [Handves van Regte](#) verskans, maar vroue sien nie dat hul regte in hul geleefde realiteit werklikheid word nie.

Wetswaarborge

Die rol van wetgewing om almal se regte en vryhede te waarborg is belangrik. Dit was duidelik in Suid-Afrika gedurende apartheid, toe wetgewing as 'n instrument van onderdrukking gebruik is. Artikel 9 van die Grondwet waarborg almal se reg op gelykheid en verbied onbillike diskriminasie op grond van geslag. Voorts het Suid-Afrika verskeie internasionale en Afrika-streekverdrae onderteken wat menseregte beskerm.

Spesifieke beskerming vir vroue is verskans in die internasionale [Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorms van Diskriminasie teen Vroue](#) (CEDAW). Op die vlak van Afrika-streeksmenseregte word beskerming wat aan vroue vryheid van diskriminasie waarborg, in die [Afrika-handves oor Mense- en Volkeregte](#) (African Charter) verskans en veral in die [Maputo-protokol](#).

Hierdie instrumente verplig state om vroue se reg op vryheid van diskriminasie te respekteer, te beskerm en te vervul. Ten spyte van hierdie wetswaarborge byt vroue steeds die spits van ongelykheid en onderdrukking af. Ons sien dit onder meer in die oneweredige verspreiding van die onbetaalde [huishoudelike en versorgingsrolle](#) wat van hulle verwag word om te onderneem, die [ekonomiese uitbuiting](#) van vroue wat in die informele sektor werk, die ongelyke impak van [klimaatsverandering](#) op vroue, die feit dat vroue [minder grond](#) as mans besit, asook die plaag seksuele en geslagsgebaseerde geweld in hierdie land. Gegrand op die huidige realiteit, bly die versnelling van geslagsgelykheid 'n vae hoop.

Ondanks betekenisvolle vooruitgang op die gebied van wetgewing funksioneer dit tans as 'n papiertier omdat patriargale onderdrukking, wat neerslag in skadelike sosio-kulturele norme, stereotipes en aannames oor vroue vind, hindernisse is vir die verwesenliking van die regte van vroue soos vervat in die Grondwet, asook internasionale en Afrika-streekswetgewing oor menseregte.

Transformatiewe Gelykheid

Die reg reguleer gemeenskapsgedrag en -funksionering. Menseregte wetgewing moet in tasbare verandering in die lewe van onderdrukte uitdrukking vind om werklik betekenisvol te wees. Die [CEDAW-komitee](#), 'n verdragsliggaam wat die inwerkingstelling van CEDAW monitor, se [Algemene Aanbeveling 25](#) lui dat "the position of women will not be improved as long as the underlying causes of discrimination

against women, and of their inequality, are not effectively addressed. The lives of women and men must be considered in a contextual way, and measures adopted towards a real transformation of opportunities, institutions and systems so that they are no longer grounded in historically determined male paradigms of power and life patterns". Wat dit beteken, is dat hele stelsels – wetlik, ekonomies, sosio-kultureel – moet verander voordat vroue in Suid-Afrika die voordele van die wetswaarborg vir hul menseregte sal ervaar. Vir hierdie stelsels om te verander, is hersosialisering noodsaaklik.

Hersosialisering

[Hersosialisering](#) is diep in internasionale en Afrika-streekswetgewing oor menseregte ingebed. State is verplig om die onderliggende sosio-kulturele norme, praktyke, aannames en stereotipes onderliggend aan geslagsdiskriminasie te wysig met die doel om diskriminasie teen vroue uit te skakel. Omdat Suid-Afrika hierdie instrumente onderteken het, is die staat verplig om toe te sien dat hersosialiseringsmaatreëls oor die land heen in werking gestel word. Ofskoon die wetgewing se teks nie die woord "hersosialisering" gebruik nie, het ek die term in my [doktorale studie](#) gebruik om hierdie verpligting te beskryf.

Suid-Afrikaanse vroue trek voordeel uit die progressiewe hersosialiseringsbepalings wat in die Maputo-protokol vervat is. Van die verskeie bepalings wat die omvattende regte van vroue op die vasteland beskerm, verwys ses bepalings uitdruklik na state se hersosialiseringsverpligting. Artikel 17 verwys byvoorbeeld na die verpligting op Afrika-state om vroue se reg op 'n positiewe kulturele konteks te respekteer, te beskerm en te vervul. In die praktyk vereis dit van die Suid-Afrikaanse regering om hersosialisering onder sy bevolking te implementeer om te verseker dat die werklike en dikwels vernietigende implikasies van skadelike sosio-kulturele norme, praktyke, aannames en stereotipes nie meer mag oor die lewe van vroue het nie, en daardeur die skep van positiewe kulturele kontekste fasiliteer.

Naïewe ideaal of werklike moontlikheid?

Almal word beïnvloed deur die samelewingstoestande en boodskappe wat hulle omring. Baie van daardie boodskappe word in so 'n mate geïnternaliseer dat ons nie daarin slaag om die toepaslikheid of waarheid daarvan te toets nie. Wanneer dit teen menseregtestandaarde gemeet word, weerspieël hierdie geïnternaliseerde norme en standaarde nie die waarborg wat in menseregte wetgewing vervat word nie.

Die sosialiseringsprosesse wat patriargale norme, houdings en stereotipes vestig wat vroue benadeel, moet deur hierdie proses van hersosialisering ongedaan gemaak word. Dit vereis onder meer voortdurende implementering van hersosialiseringsmaatreëls soos onderwys en opleiding, hersiening van skoolhandboeke in Suid-Afrika om meisies as onderwerpe en aktiewe protagoniste te weerspieël en om inherente vooroordele in opvoedkundige materiaal te verwyder, asook opleiding van onder andere polisiebeamptes, maatskaplike werkers, mediese personeel en regters en ander wat by beregtende prosesse, hetsy formeel of informeel, betrokke is.

Sommige kan redeneer dat hersosialisering 'n naïewe aspirasie is wat waarskynlik nooit sal realiseer nie. So 'n bewering sou miskien geldig wees as hersosialisering nie in wetgewing veranker is nie. Die opstellers van hierdie betekenisvolle instrumente het beslis die behoefte aan hersosialisering as 'n voorloper vir die verwesenliking van die omvattende regte van vroue besef.

Die blote teenwoordigheid van hersosialiseringsbepalings in internasionale en Afrika-streekswetgewing oor menseregte beklemtoon die deurslaggewende rol wat dit speel om die status quo soos wat dit met vroue verband hou, te verander. Dit is dus nie 'n aspirasie-ideaal wat verontagsaam kan word nie. Dit is, trouens, 'n wetlike verpligting, een waarvoor vroue in Suid-Afrika die staat aanspreeklik kan hou. Net so is geloof in maatskaplike verandering nie ongegrond nie. Menseregte word inderdaad hierop gegrond.

Die wetlike bepalinge wat hersosialisering vereis, word ongelukkig heeltemal oor die hoof gesien of deur regerings misverstaan. Desondanks is die Suid-Afrikaanse regering verplig om positiewe maatreëls te tref om hersosialisering te implementeer. Dit is van deurslaggewende belang om te verseker dat die onderliggende sosio-kulturele norme wat tans geslagsdiskriminasie bevorder nie die bereiking van betekenisvolle gelykheid vir Suid-Afrika se vroue belemmer nie.

Sonder hersosialisering sal progressiewe regswaarborgs nie daarin slaag om die geleefde realiteit van vroue wesenlik te verander nie, veral nie dié van benadeelde en kwesbare vroue, wat onder meer deur die buitensporige laste van ekonomiese uitsluiting en uitbuiting, geslagsgebaseerde geweld en klimaatsverandering in die gesig gestaar word nie. Die aanpak van die onderliggende sosio-kulturele norme wat die status quo bevorder en legitimeer, is die sleutel tot die ontsluiting van werklike en doeltreffende geslagsgelykheid in Suid-Afrika, asook van [samelewingsvordering](#).

***Dr Anisa Mahmoudi is 'n postdoktorale genoot by die H.F. Oppenheimer-leerstoel in Menseregte in die Departement Publiekreg aan die Universiteit Stellenbosch.**